# Die Voortrekkermonument herdenk plaasmoorde

Nege provinsies, 33 jaar, 57 kinderlewens …

Sedert die begin van die jaar is 35 mense op ’n plaas in Suid-Afrika vermoor, en die geskiedenis van dié misdade skets ’n veel donkerder prentjie. Sedert 1990 is 57 kinders onder die ouderdom van 20-jaar op ’n plaas aangeval en vermoor en vanjaar onthou die Voortrekkermonument (VTM) dié jongmense.

Op 1 Oktober 2023 bied die VTM die eerste Plaasmoorde-herdenkingsdag aan en bring ons hulde aan die duisende boere, vroue en kinders wat op ’n plaas vermoor is.

Op 1 Oktober 2020 is die 21-jarige plaasbestuurder Brendan Horner, vermoor op ’n plaas in Paul Roux naby Senekal.

Vanjaar hou die VTM, in samewerking met die Brendin Horner Stigting, Solidariteit Beweging en Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge ’n Plaasmoorde-herdenkingsdag om hulde te bring aan Horner en die duisende lewens wat oor die jare op plase regoor Suid-Afrika (SA) geneem is.

Oor die afgelope 6 jaar is minstens een persoon per week op ’n plaas in SA vermoor.

Bring twee teddiebere saam as huldeblyk aan ’n jong lewe wat geneem is. Hierdie bere gaan geskenk word aan ’n plaaslike kinderhuis. 57 kinderlewens is 57 te veel – bring jou beer en gedenk die lewe van dié 57 jongmense deur die lewe vir 114 kinders in Suid-Afrika klein bietjie vroliker te maak.

**Datum**: 1 Oktober 2023

**Tyd**: 9:00

**Plek**: Vrou- en kinderbeeld voor die Voortrekkermonument




Bron: https://www.facebook.com/Voortrekkermonument